**Ek bid vir hulle wat U aan My gegee het (OP246)**

**Joh 17:6-11**

**25 Januarie 2026**

Ons is tans besig om die Hoëpriesterlike gebed van die Here Jesus te bestudeer – dit is die gebed wat die Here Jesus gebid het na die bovertrekgesprek op die Donderdagaand voor Sy kruisiging die volgende dag. Laaskeer het ons na die eerste gedeelte van die gebed gekyk, waar die Here Jesus vir Homself gebid het, juis noudat die uur gekom het. Hy het net een bede gehad vir Homself: dat Hy deur die Vader verheerlik sal word. Maar Hy het twee doelwitte gehad met hierdie gebed: Sy verheerliking moet daartoe lei dat die Vader deur Hom verheerlik sal word, asook dat Hy weer die heerlikheid mag hê wat Hy alreeds voor die skepping gehad het. Ons het daaroor besin dat die heerlikheid van God die somtotaal is van al God se attribute, asook die dade van God waarin hierdie attribute sigbaar word. Ons het geleer dat die verheerliking van die Seun juis sou plaasvind deurdat Hy die pad van verheerliking sal loop – deur Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart. Nie net is dit hoe Hy weer die heerlikheid sal ontvang wat Hy voor die skepping gehad het nie, maar dit sou ook die manier wees waarvolgens Hy vir die uitverkorenes die ewige lewe bewerk, dit is ook die manier waarop hulle die attribute van God aan die werk sal sien en dit persoonlik beleef, wat tot gevolg sal hê dat hulle oortuig sal word van God se heerlikheid deurdat hulle God en die Seun sal leer ken, wat op sy beurt tot gevolg sal hê dat hulle God en die Seun sal verheerlik – en juis dit sal die inhoud van die ewige lewe wees wat die Here Jesus vir hulle gaan bewerk. So sal die aarde eventueel gevul wees met die kennis van die heerlikheid van God.

Ek wil nou aanbeweeg in ons bestudering van hierdie gebed. Laasweek het ons reeds opgelet dat die res van die gebed uit twee dele bestaan: In verse 6-19 leer ons van die gebed van die Here Jesus vir die dissipels wat daardie aand in die bovertrek was, en in verse 20-26 leer ons van die gebed van die Here Jesus vir die mense wat deur die werk van daardie dissipels tot geloof sal kom, m.a.w. Sy gebed vir die gelowiges.

Kom ons besin kortliks oor hoekom ons sê in verse 6-19 bid die Here Jesus vir die dissipels wat daardie aand in die bovertrek teenwoordig was. Lees vers 9. Die Here Jesus sê dat Hy bid vir die mense wat aan die Vader behoort, en wat die Vader aan Hom gegee het. Vers 9 sê ook dat Hy nie vir die wêreld bid nie. Ons weet teen hierdie tyd dat as Johannes van die “wêreld” praat, bedoel Hy daarmee die sondegevalle mensdom. M.a.w. die Here Jesus bid nie vir die mense wat Sy Vader en Homself nie wil erken nie. Dit beteken Hy bid nie hier vir die Jode en die Fariseërs wat Sy woorde verwerp het en wat op die punt staan om Hom oor te lewer nie. Hy bid ook nie vir die heidene nie. Nee, die Here Jesus bid vir die mense wat die Vader aan Hom gegee het. Lees vers 6. Uit hierdie vers is dit duidelik dat die mense wat die Vader aan Hom gegee het, is ook die mense aan wie Hy die Naam van die Vader bekend gemaak het. Let op, die Here Jesus gebruik die verlede tyd – Hy het reeds die Naam van die Vader bekend gemaak aan die mense vir wie Hy nou bid. Dit is tog juis waar van die dissipels wat Hy oor die afgelope drie jaar geleer het, en juis ook hulle wat Hy op hierdie aand geleer het van die verhouding tussen Hom en die Vader. Lees vers 12. Die mense vir wie die Here Jesus bid, is die mense wat Hy bewaar het, terwyl Hy by hulle was. En nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe Judas Iskariot – weereens bevestig dit dat Hy juis vir die dissipels in die bovertrek bid. Lees vers 13. Die Here Jesus bid juis vir die wat gaan agterbly noudat Hy na die Vader gaan. Ek glo dit is duidelik: In verse 6-19 bid die Here Jesus spesifiek vir die dissipels wat daardie aand saam met Hom in die bovertrek was, natuurlik Judas Iskariot uitgesluit.

Ek wil in die volgende twee preke stilstaan by die Here Jesus se gebed vir die dissipels (dus verse 6-19). Ek wil vandag vier redes uitlig waarom die Here Jesus vir hulle bid – dit volg uit verse 6-11. Volgende week wil ek dan stilstaan by die inhoud van die Here Jesus se gebed vir die dissipels. Die vier redes waarom die Here Jesus vir die dissipels bid, is: (1) Die Here Jesus bid vir die dissipels, want hulle het aan die Vader behoort (Joh 17:6, 9), (2) Die Here Jesus bid vir die dissipels, want Hy het hulle geleer om God te ken (Joh 17:6, 8), (3) Die Here Jesus bid vir die dissipels, want hulle is besig om God te leer ken en verheerlik (Joh 17:6-8, 10), en (4) Die Here Jesus bid vir die dissipels, want Hy gaan na die Vader (Joh 17:11).

<u>Die Here Jesus bid vir die dissipels, want hulle het aan die Vader behoort (Joh 17:6, 9)</u>

Lees weer vers 6. Let op die tweede gedeelte van die vers: Die dissipels het aan die Vader behoort, en die Vader het hulle aan die Here Jesus gegee. Lees ook weer vers 9. Die Here Jesus bid vir die dissipels, d.w.s. die mense wat die Vader aan Hom gegee het, omdat hulle aan die Vader behoort. Let op die volgorde: Die dissipels het eers aan die Vader behoort, en toe het die Vader hulle aan die Here Jesus gegee. Die verhouding tussen die dissipels en die Drie-enige God se beginpunt was dat hulle aan die Vader behoort het. Omdat hulle aan die Vader behoort het, daarom het die Vader hulle aan die Here Jesus gegee.

Lees saam met my Ef 1:3-6. Paulus skryf aan die Efesiërs in vers 3 dat die Vader die lof van die gelowige Efesiërs waardig is, want dit is die Vader wat hulle in Christus geseën het. In vers 4 maak Paulus die uitspraak dat dit die Vader was wat die gelowiges alreeds voor die grondlegging van die wêreld uitgekies het. Vir die doel van ons oordenking beteken dit dat die Vader ook alreeds voor die grondlegging van die wêreld die dissipels wat daardie aand in die bovertrek was, uitgekies het. Waartoe het die Vader hulle uitverkies? Vers 5 maak dit duidelik: Sodat Hy hulle as kinders kon aanneem deur die werk van die Here Jesus Christus. En let op: die basis waarop die Vader besluit het wie 'n gelowige sal wees, en dus ook wie die dissipels sou wees wat daardie aand in die bovertrek was, was alleen gebaseer op die goeddunke van die Vader se wil. Hier is geen sprake van enige bydrae of verdienste van enige gelowige nie, ook selfs nie van die dissipels nie. Dat hulle aan die Vader behoort het, was eenvoudig die resultaat van die goeddunke van die Vader. Maar let nou mooi op na vers 6: Die doel met die uitverkiesing deur die Vader is tot lof van die heerlikheid van die genade van die Vader, waarmee Hy die uitverkorenes in Sy geliefde Seun begenadig het. Geliefdes, ons moet dit behoorlik snap: Die Vader het sekere mense uitgekies, gebaseer op Sy goeddunke. Hulle is uitgekies, sodat hulle die heerlikheid van die genade van die Vader mag leer ken, juis deurdat hulle deur die werk van die Here Jesus as die Vader se kinders aangeneem kan word. En wanneer hulle die heerlikheid van die genade van die Vader leer ken, dan volg dit logies dat hulle die Vader sal vereer en verheerlik. En dit alles klop met die Here Jesus se gebed in verse 6 en 9: Omdat die dissipels aan die Vader behoort het, want die Vader het hulle reeds voor die grondlegging van die wêreld uitverkies, daarom het die Vader hulle aan die Here Jesus gegee. Hulle is deur die Vader aan die Here Jesus gegee, sodat hulle die heerlikheid van die genade van die Vader kan leer ken, soos wat dit duidelik word deur die werk van die Here Jesus, selfs in hulle eie lewens, en sodoende sal hulle die Vader verheerlik.

Die roeping van hierdie dissipels deur die Here Jesus 'n paar jaar gelede aan die begin van die Here Jesus se openbare optrede, die feit dat hierdie dissipels op daardie aand in die bovertrek was, selfs die feit dat die Here Jesus nou vir hulle bid, is die gevolg van die feit dat hulle aan die Vader behoort het – alreeds van voor die grondlegging van die wêreld, toe die Vader hulle uitverkies het. Hulle het 'n groot rol om te speel wat sal bydra daartoe dat die aarde eventueel gevul sal wees met die kennis van die heerlikheid van God – en juis daarom bid die Here Jesus vir hulle. Sy persoonlike verheerliking deur Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart, sal ook daartoe lei dat hierdie

dissipels die genade van die Vader sal belewe, en daarom bid Hy vir hulle – hulle behoort aan die Vader.

Die Here Jesus bid vir die dissipels, want Hy het hulle geleer om God te ken (Joh 17:6, 8)

Lees weer vers 6. Uit hierdie vers is dit duidelik dat die Here Jesus twee dinge aan die dissipels geleer het: In die eerste plek, het die Here Jesus die Vader se Naam aan hulle bekend gemaak. Die Vader se Naam is natuurlik gekoppel aan Sy wese, dit is gekoppel aan wie Hy is, d.w.s. aan Sy attribute, en ook aan Sy dade. Daar is dus 'n verband tussen die Vader se Naam en Sy heerlikheid – dit is onder andere wat die Here Jesus aan die dissipels kom bekend maak het. In die tweede plek, het die Here Jesus ook die Vader se woord aan die dissipels kom bekend maak. Don Carson wys daarop dat as ons lees van die Vader se "woord", enkelvoud, dan beteken dit tipies die evangelieboodskap in sy geheel – waarin die Here Jesus, wat die Woord is, 'n onmisbare rol speel. Lees vers 8a. In die derde plek, het die Here Jesus ook die woorde wat die Vader Hom gegee het, aan die dissipels bekend gemaak. Don Carson wys daarop dat as ons die meervoud, "woorde", lees, dan beteken dit tipies alles wat die Here Jesus geleer en gesê het. Natuurlik weet ons ook dat die Here Jesus net gesê het wat die Vader vir Hom gesê het. As ons dit alles kombineer, beteken dit dat die Here Jesus die Vader se Naam, en dus Sy heerlikheid, sowel as die inhoud van die evangelieboodskap, sowel as alles wat die Vader aan Hom gegee het, aan die dissipels geleer het. Deurdat Hy hulle dit alles geleer het, het Hy hulle geleer om God te ken, en soos wat ons laasweek gesien het, beteken dit dat hulle God se heerlikheid sou sien deur dit wat die Here Jesus geleer het. Kom ons dink in meer detail oor wat die Here Jesus vir die dissipels kom leer het:

- In Joh 1:14 het ons geleer toe Hy mens geword het, het Sy heerlikheid sigbaar geword – en dit was die heerlikheid van die unieke Seun van die Vader, vol genade en waarheid. Dit is wat Hy aan die dissipels kom vertoon het – Sy heerlikheid, vol genade en waarheid.
- In Joh 1:18 het ons geleer dat Hy as die unieke Seun van God die Vader, wat teen die bors van die Vader is, juis die Vader aan ons, en dus ook aan die dissipels, kom bekend maak het.
- In Eks 3:13-15 het die Here aan Moses gesê dat dit die Verbondsgod is wat die volk uit Egipte sou bevry, en Sy Naam is: "Ek is wat Ek is". Wel, toe die Here Jesus hier op aarde was, het Hy geleer Hy is die "Ek is" – byvoorbeeld toe Hy dit aan die Samaritaanse vrou geleer het (Joh 4:26). Voeg hierby Sy sewe "Ek is"-uitsprake: Ek is die brood van die lewe, Ek is die lig vir die wêreld, Ek is die ingang vir die skape, Ek is die goeie Herder, Ek is die opstanding en die lewe, Ek is die weg, die waarheid en die lewe, Ek is die ware wingerdstok. Dit alles getuig van die Here God en Sy werk deur die Seun.
- Dink aan hoe Hy by die bruilof in Kana Sy dissipels geleer het dat Hy die tipes van die ou verbond kom vervul het met die ware betekenis van daardie tipes in die nuwe verbond.
- Dink aan Sy reiniging van die tempel, waardeur Hy Sy dissipels geleer het Hy is die vervulling van die Ou Testamentiese tabernakel. Hy is die ware tempel.
- Dink aan Sy gesprek met die Samaritane waar Hy dit duidelik gemaak het dat die koninkryk van Sy Vader nie beperk is tot Jode nie, maar bestaan uit mense van alle volke, stamme, tale en nasies.
- Dink veral aan die gebeure wat oor die loop van die volgende paar dae gaan plaasvind: Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart. Dink aan die ryk inhoud hiervan in terme van die openbaarmaking van die heerlikheid van God – en dit is onder andere ook juis die dissipels wat voordeel hieruit gaan trek.
- Dink aan die feit dat Hy die beeld van die onsigbare God is (Kol 1:15), dat in Hom die hele volheid van God woon (Kol 1:19), dat in Hom die volheid van God liggaamlik woon (Kol

2:9), dat Hy die uitstraling van God se heerlikheid is, en die ewebeeld van God se wese is (Heb 1:3).

Dit is onmiskenbaar duidelik: Die Here Jesus het die Vader aan die dissipels, en aan ons, kom bekend maak. Hy het dit gedoen deur Sy lering en Sy optrede gedurende die drie jaar voor daardie aand in die bovertrek. Hy sou dit ook in besonder oor die loop van die volgende paar dae na die aand in die bovertrek doen, deurdat Hy Sy pad van heerlikmaking sou loop deur Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart. Geliefdes, wat ons moet raaksien is dat die Here Jesus 'n baie hoë prys betaal het om die Vader se Naam en Sy woorde en ook Sy dade aan die dissipels bekend te maak. Hy het dit alles gedoen, sodat hulle werklik die Vader, en ook Hom, kan leer ken. Dit is omdat Hy so baie in hulle belê het, dat Hy nie sou wou sien dat dit alles verlore gaan nie – en juis daarom bid Hy vir hulle, sodat wat Hy hulle geleer het, en wat Hy vir hulle gedoen het, die gewensde uitwerking sal hê – en dit is dat die dissipels Sy en die Vader se heerlikheid sal sien, en Hulle sal verheerlik.

<u>Die Here Jesus bid vir die dissipels, want hulle is besig om God te leer ken en verheerlik (Joh 17:6-8, 10)</u>

Die vraag is nou die volgende: Die Here Jesus het die dissipels baie dinge geleer deur Sy woorde en Sy dade. Maar wat was die effek hiervan op die dissipels?

Lees vers 6. Die dissipels het die Vader se woord wat die Here Jesus hulle geleer het, <u>gehoorsaam</u>. Lees vers 7. Die dissipels het <u>geweet</u> dat alles wat die Vader aan die Seun gegee het, van die Vader afkom. Lees vers 8. Die dissipels het die woorde van die Here Jesus <u>aanvaar</u>, <u>werklik besef</u> dat Hy van die Vader kom, en <u>geglo</u> dat die Vader Hom gestuur het. Lees vers 10. Die Here Jesus sê dat Hy in die dissipels <u>verheerlik</u> is. Geliefdes, dit klink alles belowend, is dit nie? En tog, weet ons dat die begrip van die dissipels selfs op daardie aand nog so gebrekkig was. En tog weet ons dat die Here Jesus hulle steeds dikwels tereg moes wys. Hoe moet ons dit verstaan as die Here Jesus oordeel hulle het gehoorsaam, hulle het geweet en aanvaar en werklik besef en geglo, en hulle het Hom selfs verheerlik?

Natuurlik was die dissipels se begrip op daardie aand nog baie gebrekkig. Hulle het steeds nodig gehad dat die Heilige Gees moes kom om hulle in die volle waarheid in te lei. Natuurlik het hulle nog nie gesnap dat Hy moet sterf en opstaan om sodoende verheerlik te word nie. Natuurlik het hulle nog maar 'n baie gebrekkige verstaan gehad van die feit dat die Here Jesus die vervulling is van al die Ou Testamentiese tipes wat na Hom gewys het. Maar daar was darem ook oomblikke dat hulle wel insig getoon het: Dink aan Joh 6:68-69. Daar het ons gelees dat baie van die Here Jesus se volgelinge Hom verlaat het. En na aanleiding daarvan, het die Here Jesus aan die dissipels gevra: "Julle wil tog seker nie ook weggaan nie?", waarop Petrus geantwoord het: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het woorde van die ewige lewe. En ons glo en weet dat U die Heilige van God is." Of dink aan die gebeure toe Lasarus siek was in Joh 11. Toe die Here Jesus vir die dissipels sê Hy beplan om na Judea te gaan om Lasarus te besoek, was hulle bekommerd, omdat die Jode onlangs Hom daar wou stenig. Maar toe die Here Jesus vir hulle sê Hy gaan in elk geval, was Thomas se woorde: "Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterf." Of dink aan die gesprek vroeër hierdie aand, toe die Here Jesus aan Sy dissipels gesê het Hy gaan weg, en hulle kan nie saamkom nie. Petrus was verontwaardig, en het gevra: "Here, waarom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U aflê." (Joh 13:37) Ja, ons weet Petrus se bravade was heeltemal te voorbarig, ons weet hy sou die Here Jesus voor die volgende oggend drie keer verraai – maar daar was vroeër die aand 'n gesindheid by hom dat hy bereid is om enigiets vir die Here Jesus te doen.

Wat is die punt wat ons moet raak sien? Ja, die dissipels was gehoorsaam – maar net gedeeltelik. Ja, die dissipels het sekere dinge geweet en het kennis ontwikkel uit die Here Jesus se lering – maar hulle kennis was nog gebrekkig. Ja, die dissipels het baie van die Here Jesus se lering aanvaar – maar hulle het dit nog nie alles verstaan nie. Hulle het sekere aspekte besef, maar nie alles nie. Hulle het geglo, maar hulle geloof het nog getwyfel. Hulle het die Here Jesus al verheerlik, maar dit was nog gebrekkig. Maar let nou op: Tog bid die Here Jesus juis vir hulle. Hy het so baie in hulle belê, en alhoewel dit nog maar net tot 'n mate die gewensde gevolg in hulle gehad het, tog bid Hy vir hulle. Miskien moet ons selfs sê dat dit juis was omdat dit nog maar net gedeeltelik die gewensde uitwerking gehad het, juis daarom bid Hy vir hulle. Maar onthou ook – Hy bid nie vir die wêreld nie. Hy bid nie vir die mense by wie daar geen gewensde uitwerking was nie. Hy bid net vir die waar daar 'n effek was, hoe gebrekkig dit ook al mag wees.

Kom ons dink in bietjie meer detail oor die effek wat die Here Jesus wel by die dissipels gesien het, al was dit gebrekkig. Hy het gehoorsaamheid gesien (v6), Hy het kennis gesien (v7), Hy het aanvaarding gesien (v8), Hy het 'n werklike besef gesien (v8), Hy het geloof gesien (v8) en Hy het verheerliking gesien (v10). Kom ons dink ook weer oor die verlossingspad wat gelowiges moet loop: Daar is verskeie stappe in die sogenaamde heilsorde. Ek lig net die belangrikste stappe uit: Gelowiges is deur die Vader uitverkies. Daarna word gelowiges geregverdig deur geloof in die Here Jesus. Daarna word gelowiges heilig gemaak o.l.v. die Heilige Gees deurdat hulle leer om toe te neem in gehoorsaamheid. Uiteindelik word gelowiges heerlik gemaak waar hulle God sal verheerlik in die ewige lewe – en dit is juis om God te ken, soos ons laasweek gesien het. Kom ons vergelyk hierdie heilsorde nou met wat die Here Jesus by die dissipels gesien het:

- In verse 6 en 9 het ons reeds gesien dat die dissipels aan die Vader behoort het, en daarom het die Here Jesus hulle geleer. Dit beteken die dissipels was uitverkorenes – hulle het reeds aan die Vader behoort. Dit is ook die begin van die heilsorde.
- In vers 7 het ons gesien die Here Jesus het raakgesien hulle het geweet alles wat die Vader aan Hom gegee het, kom van die Vader af. Hulle het dus kennis gehad.
- In vers 8 het die Here Jesus opgemerk hulle het die woorde van die Vader aanvaar. Hulle het dus vertroue daarin gehad.
- Ook in vers 8 het die Here Jesus opgemerk hulle het werklik besef die Here Jesus kom van God af. Ons sou kon sê hulle het hulle aan hierdie waarheid oorgegee.
- Ook in vers 8 het die Here Jesus opgemerk hulle het geglo dat die Vader Hom gestuur het. Let nou op die volgende: In vers 8 het die Here Jesus hulle kennis, aanvaarding en werklike besef raakgesien. Anders uitgedruk: Hy het hulle kennis en vertroue en oorgawe raakgesien. Onthou jy wat geloof is? Die Heidelbergse Kategismus leer: Geloof is 'n gewisse kennis en 'n vaste vertroue. Die dissipels het kennis, vertroue en oorgawe gedemonstreer. As jy bereid is om jou oor te gee aan die kennis en vertroue, dan het jy 'n gewisse kennis, en 'n vaste vertroue. Dan het jy geloof. Hulle geloof was juis in die Here Jesus. Maar dit beteken hulle was geregverdig – die volgende stap in die heilsorde wat ek uitgelig het. Al was hulle geloof nog wankelrig, al was hulle kennis, vertroue en oorgawe nog wankelrig, hulle het geglo, hulle het in die Here Jesus geglo – en daarom was hulle geregverdig.
- In vers 6 het ons gesien hulle was gehoorsaam. Maar gehoorsaamheid is juis deel van heiligmaking – dit is die volgende stap in die heilsorde. Selfs gebrekkige gehoorsaamheid is deel van heiligmaking. Die dissipels het reeds iets van heiligmaking ervaar.
- In vers 10 het ons gesien hulle het reeds tot 'n gebrekkige mate die Here Jesus verheerlik. Dit moet op die pad van heiligmaking groei, tot hulle werklik die Here Jesus en die Seun sal

verheerlik soos wat hulle waardig is – dit is die eindpunt van die heilsorde, wat hulle sal bereik wanneer hulle in die ewige lewe is. En dit is juis die essensie van die ewige lewe.

Die punt is: Daardie aand in die bovertrek was die dissipels reeds op die verlossingspad wat die Here God met die uitverkorenes loop. Ja, hulle was nog nie by die eindpunt en by volmaaktheid nie. Maar hulle was oppad. En juis daarom bid die Here Jesus vir hulle:

- Hy bid vir hulle omdat hulle is wie hulle is: Hulle is uitverkorenes van die Vader. Hulle vertrou en gee hulle oor aan die kennis wat hulle geleer is oor die Seun, hulle oefen hulle in gehoorsaamheid, hulle strewe daarna om die Here Jesus en die Vader te verheerlik. Hulle is dus kosbaar vir die Here Jesus – en daarom bid Hy vir hulle.
- Maar Hy bid ook vir hulle omdat hulle nog nie is wat hulle moet wees nie: hulle kennis, vertroue, oorgawe, gehoorsaamheid en verheerliking is nog gebrekkig – en daarom bid Hy vir hulle. Hy bid vir hulle want hulle is in die proses om God te leer ken en verheerlik.

<u>Die Here Jesus bid vir die dissipels, want Hy gaan na die Vader (Joh 17:11)</u>

Lees vers 11a. Soos ons nou gesien het: die dissipels was nog nie waar hulle moes wees nie – hulle kennis, vertroue, geloof, gehoorsaamheid en verheerliking was nog gebrekkig. En dit was die situasie t.s.v. die Here Jesus wat hulle vir 3 jaar onderrig het terwyl Hy by hulle was. Maar nou gaan Hy boonop ook nog weg. Gevolglik kan Hy hulle nie langer direk leer nie – terwyl hulle dit nog so nodig het. Boonop gaan die wêreld hulle haat. Dit gaan vir hulle swaar wees.

Maar Hy kan ook nie Sy weggaan uitstel of afstel nie – want Sy weggaan is ook juis Sy eie pad van verheerliking. Dit is ook die pad wat tot gevolg sal hê dat hulle nog meer van Sy lering behoorlik sal verstaan, en ook die effek daarvan persoonlik in hulle eie lewens sal ervaar. Dit sal hulle geloof versterk. Dit is voorwaar soos die Here Jesus hulle geleer het – dit sal vir hulle voordelig wees as Hy weggaan (Joh 16:6), want dan kan die Heilige Gees kom om hulle in al hierdie dinge verder te onderrig. Maar dit beteken nie dat wanneer die Here Jesus weggaan, dat Hy hulle maar net gaan agterlaat en nie meer oor hulle besorgd wees nie. Bo en behalwe die troos dat die Heilige Gees sal kom, bly die Here Jesus ook steeds betrokke. Al is Hy weg, al is Hy dan in die hemel, bid Hy vir hulle. Hy bid juis omdat Hy weggaan en nie langer by hulle is nie. Dit moet hulle troos en bemoedig.

<u>Toepassing</u>

Ons het nou besin oor die redes waarom die Here Jesus daardie aand vir Sy dissipels in die bovertrek gebid het. Dit is so dat hierdie gedeelte van die Here Jesus se gebed fokus op daardie dissipels. Dit is egter ook so dat die Here Jesus later in die gebed Sy fokus uitgebrei het toe Hy ook vir die gelowiges gebid het wat later deur die werk van die dissipels tot geloof sou kom. As ons nou weer dink oor die redes waarom die Here Jesus vir Sy dissipels in die bovertrek gebid het, dan is dit kosbaar om raak te sien dat dieselfde redes ook vir die gelowiges in die algemeen geld. Let op die volgende:

- Die eerste rede waarom die Here Jesus vir die dissipels gebid het, was omdat hulle aan die Vader behoort het, deurdat hulle deur die Vader uitverkies was en toe aan die Here Jesus gegee is. Maar presies dit is ook waar van die gelowiges – hulle is ook deur die Vader uitgekies, reeds voor die grondlegging van die wêreld.
- Die tweede rede waarom die Here Jesus vir die dissipels gebid het, was omdat Hy so baie in hulle belê het: Hy het hulle geleer om Hom en die Vader te ken. Die volgende dag sou Hy die pad van Sy verheerliking begin, wat ook vir hulle voordelig sou wees om steeds meer van Hom en God te ken, sodat hulle Hom en die Vader kan verheerlik met oortuiging. Maar dit is ook waar van elke gelowige. Die belangrikste verskil is dat die Here Jesus nie ons as

gelowiges direk persoonlik leer soos wat Hy die dissipels destyds geleer het nie, maar Hy leer ons tog indirek - juis deur kennis en insig van daardie dissipels, en soos wat hulle insig ontwikkel het o.l.v. die Heilige Gees. Die Here Jesus het inderdaad baie in die dissipels belê, en daarom bid Hy vir hulle dat daardie belegging die nodige vrug sal oplewer. Maar ons is ook juis deel van die vrug wat hulle moes oplewer, en daarom kan ons ook verstaan dat die rede waarom die Here Jesus vir ons bid, is ook omdat Hy baie in ons belê het.

- Die derde rede waarom die Here Jesus vir die dissipels gebid het, was omdat hulle kosbaar vir Hom was weens alles wat Hy in hulle belê het en wat Hy van hulle verwag het. Maar die realiteit was egter ook dat hulle nog nie in hulle geloof, gehoorsaamheid en verheerliking was waar Hy hulle wou hê nie – en daarom het Hy vir hulle gebid. Maar dit is ook waar van elke gelowige. Ons het ook die verantwoordelikheid om eventueel die Seun en die Vader te verheerlik. Maar ons is ook nog nie in ons geloof, gehoorsaamheid en verheerliking waar Hy ons wil hê nie – daarom is dit kosbaar dat Hy ook vir ons bid.
- Die vierde rede waarom die Here Jesus vir die dissipels gebid het, was omdat Hy op die punt gestaan het om weg te gaan, en hulle sou agterbly in 'n wêreld wat hulle haat. Wel, intussen het die Here Jesus weggegaan, en ons as gelowiges is steeds in hierdie wêreld wat ons haat. En daarom is dit kosbaar om te mag weet dat die Here Jesus ook vir ons bid.

Die punt is: Die Drie-enige God moet verheerlik word – in besonder deur die mense wat aan die Vader behoort. Nie net het die Here Jesus vir hulle geleer nie, hetsy direk of deur die dissipels. Hy het ook Sy pad van verheerliking geloop sodat hulle elkeen persoonlik Hom en die Vader kan leer ken, sodat hulle Hom en die Vader kan verheerlik. Dit is om hierdie rede dat die Here Jesus vir die dissipels en ook vir die gelowiges bid. Mag ons elkeen hierdeur bemoedig word.